

**SWANGERSKAPBELEID
HOËRSKOOL EBEN DÖNGES
JANUARIE 2010**

Die uitgangspunt van Hoërskool Eben Dönges is om 'n duidelike boodskap uit te stuur dat leerders hulle te alle tye van seksuele omgang moet weerhou. Sodoende sal hulle hulself van seksueel oordraagbare siektes, die MIV-virus en ongewenste swangerskappe vrywaar. Laasgenoemde het 'n verwoestende impak op die toekomsgeleentede vir meisies – veel groter as die impak op die lewe van die seun-pa.

Volgens die grondwet is die Skoolhoof, Skoolbeheerliggaam (SBL) en Distrikskantoor aanspreeklik vir alle leerders se reg op gehalte opvoeding, en dit sluit ingeskrewe, verwagte leerders en leerders wat ouers is, in.

1. SKOOL SE VERANTWOORDELIKHEID

- Die skool sal poog om in die omstandighede die leerder se opvoeding met so min as moontlik ontwrigting te laat voortgaan.
- Die leerder moet verantwoordelikheid aanvaar om take betyds in te handig sodat die skool aan haar 'n SGA-punt kan besorg. Sodanige punte kan aan die Distrikskantoor se multifunksionele span die nodige inligting verskaf om besluite oor haar vordering te maak.
- Dit is belangrik dat die skool tydens LO periodes die beginsel moet inprent dat leerders hulle van seksuele aktiwiteite moet weerhou. Goeie morele waardes moet die grondslag van seksuele opvoeding vorm.

2. HANTERING VAN MANLIKE LEERDER INDIEN HY IN DIE SKOOL IS

- Die SBL moet in kennis gestel word.
- Die leerder moet berading/ondersteuning by die Distrikskantoor-strukture kry indien nodig.
- 'n Geskrewe ooreenkoms moet tussen die SBL en leerder aangegaan word oor gepaste gedrag wat die skool se gedragskode eerbiedig.

3. HANTERING VAN SWANGER MEISIE

- Wanneer dit aan die lig kom dat 'n leerder swanger is, moet dit vertroulik en met groot sensitiwiteit hanteer word.

- Die leerder moet beskou word as 'n leerder met spesiale behoeftes en kan op die ondersteuningsdienste van die Distrikskantoor staatmaak. Die skoolhoof en 2 opvoeders deur die skoolhoof aangewys moet hierdie proses hanteer.
- Die skoolhoof moet aan die SBL rapporteer.
- Die skoolhoof belê 'n vergadering met die ouers van die dogter ten einde:
 - Insig te verkry oor hoe haar ouers die situasie gaan hanteer.
 - Hulle in te lig oor die toepaslike steun wat beskikbaar is:
 - Distrikskantoor: Opvoedkundige hulpdienste; Maatskaplike werker.
 - Hulle in te lig in watter mate die skool die kind behulpsaam sal wees om verlore akademie in te haal.
 - Ouerbetrokkendheid aan te moedig.

4. ALTERNATIEWE VIR SKOOLBYWONING

- Om by die skool aan te bly solank dit medies raadsaam is tot die leerder nie meer in die normale skoolklere pas nie / die leerder opsigtelik swanger is.
- Onttrekking vir die duur van die swangerskap. Ouers verantwoordelik vir ontvangs van leermateriaal en reëlings in verband daarmee.
- Permanente onttrekking van die skool. Self verantwoordelik vir verdere studie.

5. SWANGERSKAP TYDENS SENIOR SERTIFIKAAT EKSAMENS

- Die leerder het die reg en die keuse om skool by te woon tot so na aan die bevallingsdatum as wat medies gerade geag word. (Dit moet met doktersertifikaat gesteun word).
- In gevalle waar spesiale reëlings getref moet word, moet die skoolhoof die swangerskap by die Direkteur: Eksamen, by die WKOD, rapporteer en 'n mediese sertifikaat as bewys voorlê.
- **Indien 'n leerder op 1 Oktober van die graad 12 jaar meer as 32 weke swanger is, soos op 'n mediese sertifikaat aangedui, sal sy die volgende opsies hê:**
 - Om die finale eksamen in 'n aparte lokaal af te lê
 - Om die finale eksamen as privaatkandidaat by 'n ander sentrum af te lê en voltydse skoolbywoning te staak
 - Om die aanvullende eksamen die daaropvolgende Maart af te lê. In so 'n geval sal die leerder 'n mediese sertifikaat moet voorlê om te bevestig dat die swangerskap so ver gevorder was en dat dit nie moontlik was om die eksamen in Oktober/November af te lê nie

- Indien leerder nie in staat is om die eksamen in November of Maart te skryf nie, moet sy op eie verantwoordelikheid as privaatkandidaat vir daaropvolgende eksamen inskryf
- **Indien 'n leerder op 1 Oktober van graad 12 jaar minder as 32 weke swanger is en verkies om die eksamen af te lê, geld die volgende opsies:**
 - Om die eksamen by haar skool af te lê.
 - Om by 'n ander skool of 'n spesiale sentrum te skryf.
 - Om as 'n privaatkandidaat by 'n spesiale eksamensentrum in te skryf indien sy voltydse skoolbywoning gestaak het.
- **Indien die kandidaat besluit om in Oktober/November die eksamen by 'n spesiale eksamensentrum af te lê, sal die volgende geld:**
 - Die skoolhoof moet die kandidaat help om met die Direkteur: Eksamen te reël dat sy by 'n spesiale sentrum skryf.
 - As die leerder die enigste kandidaat by hierdie spesiale sentrum is, sal die ouers/voogde verantwoordelik wees vir die betaling van die opsiener. Die fooi sal dieselfde wees as die fooi wat die WKOD vir opsieners betaal.
 - Die Kringspanbestuurder moet sodanige sentrum goedkeur.
 - Die spesiale opsiener moet die betrokke vraestel van die hoofopsiener ontvang wanneer die vraestelle in die skool se amptelike lokaal oopgemaak word en na die spesiale eksamenlokaal neem.
 - Na die eksamen moet die opsiener die antwoordstel terugneem na die hooflokaal en aan die hoofopsiener terugbesorg wat dit saam met die ander antwoordstelle aan die WKOD sal stuur.
- **Indien die bevalling die leerder se finale eksamen ontwrig, moet die leerder self as privaat kandidaat vir die daaropvolgende eksamen registreer.**

6. ROETE WAT GEVOLG MOET WORD (SENIOR OPVOEDER VERANTWOORDELIKHEID)

- Swangerskap moet dadelik aan 'n senior opvoeder (2 senior opvoeders word deur skoolhoof aangewys) gerapporteer word. (Leerders moet ook aangemoedig word om te rapporteer).
- Leerder moet na maatskaplike werker / kliniek verwys word – keuses/sorg.
- Leerder moet aangemoedig word om skool betyds te verlaat om aandag aan voor- en nageboortlike gesondheidskwessies te gee (tyd vir vertrek).

7. VRYWARING T.O.V. SWANGER LEERDERS

- Leerder/Ouers/Voogde moet in kennis gestel word dat die skool nie oor personeel met mediese kundigheid beskik nie. 'n Bevalling tydens skoolure is 'n gesondheidsrisiko en 'n traumatiese ervaring vir leerders en personeel.
- Ouers se plig om skool onmiddellik in kennis te stel.
- Leerder woon die skool op eie risiko by.
- Leerder moet van alle sport/kulturele aktiwiteite onttrek, bv. netbal, hokkie, skoolkoor.
- Leerder moet uit alle leierskapposisies bedank bv. RCL, Senior Raad, sportkapteine, klaskaptein.
- Geen aktiwiteite mag bygewoon word nie bv. prysuitdeling, talentaande, kermis en Mnr en Mej Eben Dönges.
- Die skool word onthef van alle aanspreeklikheid vir enige swangerskap-verwante beserings en of insidente.
- Geen verantwoordelikheid vir alternatiewe of bykomstige logistiese reëlings.
- Ouers moet self take/projekte gedurende afwesigheid aanvra en self voltooi take betyds by die skool terugbesorg.
- Geen uitsonderings t.o.v. die skool se gedragskode nie. (Geen uitsondering sal t.o.v. skooldrag gemaak word nie).
- Die leerder voor die bevalling nie aan LO of buitemuurse aktiwiteite sal deelneem wat 'n risiko inhou nie.
- Verskaffing van gereelde verslae van dokters/kliniekbesoeke deur leerder/ouers/voogde.
- Verpligte mediese sertifikaat as bewys van geskiktheid om klasse te hervat met terugkeer na bevalling.
- Indien die leerder na die bevalling na die skool terugkeer, die leerder nie toegelaat sal word om die baba, of foto's van die baba, na die skool te bring nie.

8. DISTRIKSKANTOOR MOET IN KENNIS GESTEL WORD (FORMEEL).

- Ouers en leerders moet aanvaar dat alle lede van die skoolgemeenskap (a.g.v. uiteenlopende waardestelsels) nie noodwendig altyd die situasie sal ondersteun en aanvaar nie en dat die skool teenoor die hele gemeenskap 'n verantwoordelikheid het.



HOËRSKOOL EBEN DÖNGES VRYWARING TIENERSWANGERSKAPPE

Ek ouer/voog van
Graad en Seksie onderneem om my volle samewerking t.o.v. die
volgende te gee:

- Die leerder woon die skool op eie risiko by.
- Die skool word van alle aanspreeklikheid vir enige swangerskapverwante beserings/insidente onthef.
- Die skool neem geen verantwoordelikheid vir alternatiewe/bykomstige logistiese reëlings nie.
- Ouers is SELF verantwoordelik vir die aanvra van take/projekte gedurende afwesigheid en SELF voltooide take betyds by die skool terugbesorg.
- Geen uitsonderings t.o.v. die skool se gedragskode word gemaak nie, ook nie t.o.v skooldrag nie.
- Die leerder nie voor die bevalling aan LO/Buitemuurse aktiwiteite wat risiko's inhou, sal deelneem nie.
- Die skool gereeld van verslae van dokters/kliniekbesoeke voorsien.
- Die skool na die bevalling van 'n verpligte mediese sertifikaat as bewys van geskiktheid om klasse te hervat, voorsien.
- Die leerder nie na terugkeer tot die skool toegelaat word om die baba of foto's van die baba skool toe te bring nie.

Handtekening leerder: Datum:

Handtekening ouer/voog: Datum:

Handtekening Opvoeder: Datum: